

SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS

NO. 113

10 FEBRUARIE 2017

INKOMSTEBELASTINGWET, 1962**OOREENKOMS TUSSEN DIE REGERING VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN DIE REGERING VAN SAINT CHRISTOPHER (SAINT KITTS) EN NEVIS VIR DIE UITRUIL VAN INLIGTING MET BETREKKING TOT BELASTINGAANGELEENTHEDE**

Ingevolge artikel 108(2) van die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet No 58 van 1962), saamgelees met artikel 231(4) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, word hiermee kennis gegee dat die Ooreenkoms vir die uitruil van inligting met betrekking tot belastingaangeleenthede wat in die Bylae tot hierdie Kennisgewing vervat is, aangegaan is met die Regering van Saint Christoher (Saint Kitss) en Nevis en deur die Parlement goedgekeur is ingevolge artikel 231(2) van die Grondwet.

Daar word verder bekendgemaak dat ingevolge paragraaf 1 van Artikel 12 van die Ooreenkoms, die datum van inwerkingtreding 18 Februarie 2017 is.

BYLAE**OOREENKOMS TUSSEN DIE REGERING VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN DIE REGERING VAN SAINT CHRISTOPHER (SAINT KITTS) EN NEVIS VIR DIE UITRUIL VAN INLIGTING MET BETREKKING TOT BELASTINGAANGELEENTHEDE****AANHEF**

Aangesien die Regering van die Republiek van Suid-Afrika en die Regering van Saint Christopher (Saint Kitts) en Nevis ("die Kontrakterende Partye") lank reeds bedrywig is in internasionale pogings in die stryd teen finansiële en ander misdrywe, insluitend die teikening van terroriste finansiering, en die Partye die uitruil van inligting met betrekking tot belastingaangeleentede wil fasiliteer;

DAAROM NOU ooreengekom het om die volgende Ooreenkoms te voltrek wat die verpligtinge van die afsonderlike Kontrakterende Partye alleenlik bevat,

HET SOOS VOLG OOREENGEKOM:**ARTIKEL 1****DOEL EN BESTEK VAN DIE OOREENKOMS**

Die Kontrakterende Partye, deur hulle bevoegde owerhede, moet bystand verleen deur die uitruil van inligting wat voorsienbaar tersaaklik is vir die administrasie en afdwinging van die landswette van die Kontrakterende Partye, rakende die belastings wat deur hierdie Ooreenkoms gedek word. Sodanige inligting sal inligting insluit wat voorsienbaar tersaaklik is vir die vasstelling, aanslaan en invordering van sodanige belastings, die verhaling en afdwinging van belasting-eise, of die ondersoek of vervolging van belastingaangeleentede. Inligting sal uitgeruil word ooreenkomstig die bepalinge vervat in hierdie Ooreenkoms en sal as vertroulik hanteer word soos bepaal in Artikel 8. Die regte en veiligheidsmaatreëls verseker aan persone deur die wette of administratiewe praktyk van die versoekte Party, bly van krag tot 'n mate dat dit nie onbehoorlik die effektiewe uitruil van inligting vertraag of verhinder nie.

ARTIKEL 2**JURISDIKSIE**

'n Versoekte Party is nie verplig om inligting te verskaf wat nie deur sy owerhede gehou word of in die besit of beheer van persone binne sy territoriale jurisdiksie is nie.

ARTIKEL 3**BELASTINGS GEDEK**

1. Hierdie Ooreenkoms sal van toepassing wees op die volgende belastings wat deur die Kontrakterende Partye gehef word:
 - (a) in die geval van Saint Kitts en Nevis:
 - (i) die inkomste belasting;
 - (ii) die terughoubelasting;
 - (iii) die ongeïnkorporeerde sakebelasting; en
 - (iv) die belasting op toegevoegde waarde;
 - (b) in die geval van Suid-Afrika:
 - (i) die normale belasting;
 - (ii) die dividendbelasting;
 - (iii) die terughoubelasting op tantieme;
 - (iv) die terughoubelasting op rente;
 - (v) die belasting op buitelandse vermaaklikheidskunstenaars en sportpersone; en
 - (vi) die belasting op toegevoegde waarde.
2. Hierdie Ooreenkoms sal ook van toepassing wees op enige identiese belastings wat na die datum van die ondertekening van hierdie Ooreenkoms bykomend tot of in die plek van bestaande belastings opgehef word. Hierdie Ooreenkoms sal ook van toepassing wees op enige wesenlike soortgelyke belastings gehef na die datum van ondertekening van die Ooreenkoms bykomend tot of in die plek van die bestaande belastings indien die bevoegde owerhede van die Kontrakterende Partye daartoe instem. Voorts mag die benoemde belastings uitgebrei of aangepas word indien die Kontrakterende Partye deur die uitruil van briewe daartoe instem. Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende Partye sal mekaar in kennis stel van enige wesenlike veranderinge aan insamelingsmetodes van die belasting en verwante inligting deur hierdie Ooreenkoms gedek.

ARTIKEL 4**WOORDOMSKRYWINGS**

1. In hierdie Ooreenkoms:
 - (a) beteken die uitdrukking "Saint Kitts en Nevis" die tweeling-eiland Federasie van Saint Kitts (Saint Christopher) en Nevis en, wanneer as 'n geografiese begrip gebruik word, die gebiede van Saint Kitts en Nevis;
 - (b) beteken die uitdrukking "Suid-Afrika" die Republiek van Suid-Afrika en wanneer as 'n geografiese begrip gebruik word, ingesluit die gebiedswaters daarvan asook enige gebied buite die gebiedswaters,, insluitend die vastelandsplat, wat ingevolge die reg van Suid-Afrika en ooreenkomstig die volksreg aangedui is of hoerna aangedui word en ooreenkomstig internasionale wetgewing, as 'n gebied waarbinne Suid-Afrika soewereine regte van jurisdiksie mag uitoefen;

- (c) beteken die uitdrukking “kollektiewe beleggingsfonds of skema” enige saamgevoegde beleggingsmedium, ongeag die regsform daarvan. Die uitdrukking “openbare kollektiewe beleggingskema” beteken enige kollektiewe beleggingsfonds of skema waarvan die eenhede, aandele of ander belange in die fonds of skema geredelik aangekoop, verkoop of gedelg kan word deur die publiek. Eenhede, aandele of ander belange in die fonds kan geredelik “deur die publiek” aangekoop, verkoop of gedelg word indien die aankoop, verkoop of delging nie implisiet of eksplisiet beperk is tot ‘n beperkte groep beleggers nie;
- (d) beteken die uitdrukking “maatskappy” enige regspersoon of enige entiteit wat as regspersoon hanteer word vir belastingdoeleindes;
- (e) beteken die uitdrukking “bevoegde owerheid”:
- (i) in die geval van Saint Kitts en Nevis, die Finansiële Sekretaris of die Finansiële Sekretaris se gemagtigde verteenwoordiger;
 - (ii) in die geval van Suid-Afrika, die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens of ‘n gemagtigde verteenwoordiger van die Kommissaris;
- (f) beteken die uitdrukking “Kontrakterende Partye” St. Kitts en Nevis of die Republiek van Suid-Afrika soos deur die konteks vereis;
- (g) beteken die uitdrukking “strafregtelike wette” alle strafregtelike wette wat as sodanig aangewys is ingevolge die landswette, ongeag of sodanige wette in die belastingwette of ander statute bevat is;
- (h) beteken die uitdrukking “strafregtelike belastingaangeleenthede” belastingaangeleenthede wat opsetlike gedrag behels, ongeag of dit voor of na die inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms is, en wat aan vervolging onderhewig is ingevolge die strafreg van die versoekende Party;
- (i) beteken die uitdrukking “inligting” enige feit, verklaring, dokument of rekord in enige vorm hoegenaamd;
- (j) beteken die uitdrukking “inligtingversamelingsmaatreëls” die wette en administratiewe of regsprosedures wat die versoekte Party in staat stel om die verlangde inligting te bekom en te verskaf;
- (k) sluit die uitdrukking “persoon” ‘n individu, ‘n maatskappy of enige ander regspersoon of groep persone in
- (l) beteken die uitdrukking “openbare verhandelde maatskappy” enige maatskappy waarvan die hoofklas van aandele op ‘n erkende aandelebeurs genoteer is op voorwaarde dat die genoteerde aandele geredelik deur die publiek gekoop of verkoop kan word. Aandele kan “deur die publiek” gekoop of verkoop word indien die koop of verkoop van aandele nie implisiet of eksplisiet beperk is tot ‘n beperkte groep beleggers nie;
- (m) beteken die uitdrukking “hoofklas van aandele” die klas of klasse van aandele wat die meerderheid van die stemreg en waarde van die maatskappy verteenwoordig;
- (n) beteken die uitdrukking “erkende aandelebeurs” enige aandelebeurs waartoe die bevoegde owerdede van die Kontrakterende Partye ooreengekom het;

- (o) beteken die uitdrukking “versoekte Party” die Party tot hierdie Ooreenkoms wat versoek word om inligting te verskaf of wat inligting verskaf het in antwoord op ‘n versoek;
- (p) beteken die uitdrukking “versoekende Party” die Party tot hierdie Ooreenkoms wat ‘n versoek om inligting rig of wat inligting van die versoekte Party ontvang het; en
- (q) beteken die uitdrukking “belasting” enige belasting waarop hierdie ooreenkoms van toepassing is.

2. Betreffende die toepassing van hierdie Ooreenkoms ter eniger tyd deur ‘n Kontrakterende Party, enige uitdrukking wat nie hierin omskryf is nie sal, tensy die konteks anders vereis, die betekenis dra wat dit andersins op daardie tydstip onder die wetgewing van daardie Party, en enige betekenis onder die toepaslike belastingwette van daardie Party sal voorrang geniet bo enige ander betekenis wat daartoe toegeskryf word onder ander wette van daardie Party.

ARTIKEL 5

UITRUIL VAN INLIGTING OP VERSOEK

1. Die bevoegde owerheid van die versoekte Party sal op versoek van die versoekende Party inligting verskaf vir die doeleindes in Artikel 1 genoem. Sodanige inligting sal uitgeruil word sonder inagneming daarvan of die gedrag wat ondersoek word ‘n misdryf sou uitmaak ingevolge die wette van die versoekte Party indien dit in die gebied van die versoekte Party sou plaasgevind het.

2. Indien die inligting in die besit van die bevoegde owerheid van die versoekte Party nie genoegsaam is om die Party in staat te stel om aan die versoek om inligting te voldoen nie, sal die versoekte Party alle toepaslike inligtingversamelingsmaatreëls gebruik om die verlangde inligting aan die versoekende Party te verskaf, ongeag of die versoekte Party sodanige inligting vir sy eie belastingdoeleindes nodig het.

3. Indien spesifiek deur die bevoegde owerheid van die versoekende Party versoek, sal die bevoegde owerheid van die versoekte Party inligting ingevolge hierdie Artikel verskaf, in soverre dit ingevolge sy landswette toelaatbaar is, in die vorm van verklarings van getuies en gewaarmerkte afskrifte van oorspronklike rekords.

4. Elke Kontrakterende Party sal seker maak dat sy bevoegde owerhede die magtiging het om op versoek, vir die doeleindes in Artikel 1 van hierdie ooreenkoms uiteengesit, kan bekom en kan verskaf:

- (a) inligting deur banke gehou, ander finansiële instansies, en enige persoon wat namens ‘n agentskap of fidusiêre hoedanigheid optree, insluitend benoemdes en trustees;

- (b) inligting in verband met die eienaarskap van maatskappye, vennootskappe, trusts, stigtings, "Anstalten" en ander persone, insluitend, binne die beperkinge van Artikel 2, inligting in verband met eienaarskap oor alle ander sodanige persone in 'n eienaarskapsketting; in die geval van trusts, inligting oor oprigters, trustees en begunstigdes; en in die geval van stigtings, inligting in verband met stigters, lede van die stigtingsraad en begunstigdes. Voorts skep hierdie ooreenkoms nie 'n verpligting aan die Kontrakterende Partye om eienaarskap inligting te verkry of te verskaf met betrekking tot openbare verhandelde maatskappye of openbare kollektiewe beleggingsfondse of skemas nie, tensy sodanige inligting verkry kan word sonder dat dit tot buitensporige moeisaamheid aanleiding gee.

5. Die bevoegde owerheid van die versoekende Party sal die volgende inligting verskaf aan die bevoegde owerheid van die versoekte Party wanneer 'n versoek om inligting ingevolge hierdie Ooreenkoms gerig word, om die voorsienbare toepaslikheid van die inligting tot die versoek te staaf:

- (a) die identiteit van die persoon wat ondersoek word;
- (b) die tydperk waarvoor die inligting versoek word;
- (c) 'n verklaring van die inligting wat versoek word, insluitend die aard daarvan en die formaat waarin die versoekende Party verkies om die inligting van die versoekte Party te ontvang;
- (d) die belastingdoeleinde waarvoor die inligting versoek word;
- (e) redes waarom geglo word dat die verlangde inligting aanwesig is by die versoekte Party of in die besit of beheer is van 'n persoon binne die jurisdiksie van die versoekte Party;
- (f) in soverre dit bekend is, die naam en adres van enige persoon wat vermoedelik in die besit of beheer is van die verlangde inligting;
- (g) 'n verklaring dat die versoek ooreenkomstig die wette en administratiewe praktyke van die versoekende Party is, sodat indien die verlangde inligting binne die jurisdiksie van die versoekende Party was, die versoekende Party die inligting sou kon bekom ingevolge die wette van die versoekende Party of in die gewone loop van administratiewe praktyk en dat dit in ooreenstemming met hierdie Ooreenkoms is;
- (h) 'n verklaring dat die versoekende Party alle moontlike metodes tot sy beskikking in sy eie gebied nagevolg het om die inligting te bekom, behalwe die wat tot buitensporige moeisaamheid sou lei.

6. Die bevoegde owerheid van die versoekte Party sal die verlangde inligting so spoedig moontlik aan die versoekende Party stuur. Om 'n spoedige reaksie te verseker, sal die bevoegde owerheid van die versoekte Party:

- (a) Skriftelik ontvangs van die versoek aan die bevoegde owerheid van die versoekende Party bevestig en die bevoegde owerheid van die versoekende Party binne 60 dae van ontvangs van die versoek in kennis stel van enige tekortkominge in die versoek, indien van toepassing.

- (b) Indien die bevoegde owerheid van die versoekte Party nie die inligting binne 90 dae van ontvangs van versoek kon verkry of verskaf nie, insluitend indien dit struikelblokke teëkom in die verskaf van die inligting of indien dit weier om die inligting te verskaf, sal dit onmiddelik die versoekende Party inlig en die rede vir sy onvermoë, die aard van die struikelblokke of die rede vir sy weiering verduidelik.

ARTIKEL 6

BELASTING ONDERSOEKE IN DIE BUITELAND

1. 'n Kontrakterende Party mag verteenwoordigers van die bevoegde owerheid van die ander Kontrakterende Party toelaat om die gebied van die eersgenoemde Party te betree, in soverre dit toelaatbaar is ingevolge sy landswette, om onderhoude met individue te voer en rekords te ondersoek met vooraf skriftelike toestemming van die betrokke persone. Die bevoegde owerheid van die naasgenoemde Party sal die bevoegde owerheid van die eersgenoemde Party in kennis stel van die tyd en plek van die voorgenome ontmoeting met die betrokke individue.

2. Met versoek van die bevoegde owerheid van een Kontrakterende Party, mag die bevoegde owerheid van die ander Kontrakterende Party, verteenwoordigers van die bevoegde owerheid van die eersgenoemde Party toelaat om teenwoordig te wees gedurende die toepaslike deel van 'n belastingondersoek van die naasgenoemde Party.

3. Indien die versoek na verwys in paragraaf 2 toegestaan word, sal die bevoegde owerheid van die Kontrakterende Party wat die ondersoek las, so gou moontlik die bevoegde owerheid van die ander Party in kennis stel van die tyd en plek van die ondersoek, die owerheid of amptenaar wat gemagdig is om die ondersoek uit te voer en die prosedures en voorwaardes deur die eersgenoemde Party vereis vir die uitvoer van die ondersoek. Alle besluite in verband met die uitvoer van die ondersoek sal deur die Party wat die ondersoek lei gemaak word.

ARTIKEL 7

MOONTLIKHEID VAN WEIERING VAN 'N VERSOEK

1. Die versoekte Party sal nie verplig wees om inligting te bekom of te verskaf wat die versoekende Party nie ingevolge sy eie wette sou kon bekom vir die doelwitte van administrasie of die afdwing van sy eie belastingwette nie. Die bevoegde owerheid van die versoekte Party mag weier om bystand te verleen indien die versoek nie ooreenkomstig hierdie Ooreenkoms gemaak is nie.

2. Die bepalinge van hierdie Ooreenkoms sal nie 'n Kontrakterende Party die verpligting oplê om inligting te verskaf wat enige handels-, sake-, nywerheids-, kommersiële- of beroepsgeheim of handelsproses sal blootlê nie. Nieteenstaande die voorafgaande, inligting van die aard na verwys in Artikel 5, paragraaf 4 sal nie as sodanige geheim of handelsproses hanteer word nie, omdat dit voldoen aan die kriteria van daardie paragraaf.

3. Die bepalings van hierdie Ooreenkoms sal nie 'n Kontrakterende Party die verpligting oplê om inligting te bekom of te verskaf wat vertroulike kommunikasies tussen 'n kliënt en 'n gevolmagdigde, 'n prokureur of enige ander erkende regsverteenvoerder sal blootlê nie, waar sodanige kommunikasies:

- (a) geskep is met die doelwit om regsadvies te werf of te verskaf of
- (b) geskep is met die doelwit om in bestaande of voorgenome regsprosedures gebruik te word.

4. Die versoekte Party kan 'n versoek om inligting weier indien die openbaarmaking van die inligting teenstrydig sou wees met openbare beleid (ordre public).

5. 'n Versoek om inligting mag nie geweier word op grond daarvan dat die belastingeis wat tot die versoek aanleiding gee, gedisputeer word nie.

6. Die versoekte Party kan 'n versoek om inligting weier indien die inligting deur die versoekende Party versoek word om 'n bepaling van die belastingwet te administreer of af te dwing, of enige vereiste daarmee verbind, wat teen 'n burger of inwoner van die versoekte Party diskrimineer vergeleke met 'n burger of inwoner van die versoekende Party onder dieselfde omstandighede.

ARTIKEL 8

VERTROULIKHEID

Alle inligting verskaf aan of ontvang deur die bevoegde owerhede van die Kontrakterende Partye ingevolge hierdie Ooreenkoms, sal as vertroulik hanteer word. Sodanige inligting mag slegs bekend gemaak word aan persone of owerhede (insluitend howe en administratiewe liggame) in die jurisdiksie van die Kontrakterende Party bemoeid met die aanslaan of insameling van , die afdwing of vervolging met betrekking tot, of die beslissing van appèlle in verband met, die belasting in hierdie Ooreenkoms benoem. Sodanige persone of owerhede sal sodanige inligting slegs vir sodanige doeleindes gebruik. Hulle mag die inligting openbaar maak in openbare hofverrigtinge of in regsbesluite. Die inligting mag nie aan enige ander persoon of entiteit of owerheid of enige ander jurisdiksie bekend gemaak word sonder die uitdruklike skriftelike toestemming van die bevoegde owerheid van die ander Kontrakterende Party nie.

ARTIKEL 9

KOSTE

Tensy die bevoegde owerhede van die Kontrakterende Partye anders ooreenkom, sal gewone koste wat met die verlening van bystand aangegaan word, deur die versoekte Party gedra word, en buitengewone koste wat met die verlening van bystand aangegaan word (ook billike koste van skakeling met eksterne raadgevers in verband met litigasie of andersins) deur die versoekende Party gedra word. Op versoek van enige van die Kontrakterende State, sal die bevoegde owerhede beraadslaag soos benodig met betrekking tot hierdie Artikel, en in besonder sal die bevoegde owerheid van die versoekte Party vooraf met die bevoegde owerheid van die versoekende Party beraadslaag indien die koste verbonde aan die verskaffing van inligting met betrekking tot 'n spesifieke versoek, na verwagting beduidend sal wees.

ARTIKEL 10**WETGEWING VIR IMPLEMENTERING**

Die Kontrakterende Partye sal enige wetgewing orden soos nodig om te voldoen aan, en om ten uitvoering te bring, die bepalinge van hierdie Ooreenkoms.

ARTIKEL 11**PROSEDURE VIR ONDERLINGE OOREENKOMS**

1. Waar probleme of twyfel ontstaan tussen die Partye aangaande die implementering of interpretering van hierdie Ooreenkoms, sal die bevoegde owerhede hulle beste pogings aanwend om die aangeleentheid op te los deur onderlinge ooreenkoms.

2. Bykomend tot die ooreenstemmings na verwys in paragraaf 1, kan die bevoegde owerhede van die Kontrakterende Partye onderling ooreenkom aangaande die prosedures wat ingevolge Artikels 5 en 6 gebruik moet word.

3. Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende Partye kan regstreeks met mekaar kommunikeer vir die doeleindes van die bereik van 'n ooreenkoms ingevolge hierdie Artikel.

4. Die Kontrakterende Partye kan ook ooreenkom oor ander metodes van geskilbeslegting, indien dit nodig sou wees.

ARTIKEL 12**INWERKINGTREDING**

1. Elk van die Kontrakterende Partye sal die ander skriftelik in kennis stel van die afhandeling van die prosedures, soos deur sy wetgewing vereis, vir die inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms.

2. Hierdie Ooreenkoms sal in werking tree op die dertigste dag na die ontvangs van die laaste van hierdie kennisgewings en sal daarmee van krag wees:

- (a) vir strafregtelike belastingaangeleenthede op daardie datum;
- (b) vir alle ander aangeleenthede genoem in Artikel 1, vir belasbare tydperke wat begin op of na die eerste dag van Januarie van die jaar na die datum waarop hierdie Ooreenkoms in werking tree of in die geval waar geen belastingtydperk van toepassing is nie, alle belastingheffings op of na die eerste dag van Januarie van die jaar na die datum waarop hierdie Ooreenkoms in werking tree.

ARTIKEL 13**BEËINDIGING**

1. Hierdie Ooreenkoms sal van krag bly totdat dit deur enige van die Kontrakterende Partye beëindig word.

2. Enige Kontrakterende Party mag hierdie Ooreenkoms beëindig deur 'n kennisgewing van beëindiging uit te reik aan die ander Kontrakterende Party deur diplomatiese kanale.

3. Sodanige beëindiging sal van krag word op die eerste dag van die maand na die verval van 'n tydperk van ses maande na die datum van ontvangs van die kennisgewing van beëindiging deur die ander Kontrakterende Party. Alle versoeke, wat tot en met die datum wat die beëindig van krag word, ontvang word, sal hanteer word ooreenkomstig die bepalings van hierdie Ooreenkoms.

4. Indien die Ooreenkoms beëindig is, sal die Kontrakterende Partye gebind bly tot die bepalings in Artikel 8 met betrekking tot enige inligting deur hierdie Ooreenkoms bekom.

IN GETUIENIS WAARVAN die ondergetekendes, behoorlik daartoe gemagtig deur hul onderskeie Regerings, hierdie Ooreenkoms geteken en geseël het in twee oorspronklikes in die Engelse taal, waarvan beide tekste ewe outentiek is.

GETEKEN te Basseterre op hierdie 7^{de} dag van April in die jaar 2015.

**VIR DIE REGERING VAN DIE
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

**VIR DIE REGERING VAN
SAINT CHRISTOPHER
(SAINT KITTS) EN NEVIS**